

Die Doop

Die Doop

Daar is seker in die teologie of kerk nie nóg 'n onderwerp waaroor meer verskil word as die doop nie. Waarskynlik sal dit ook nie baie anders in hierdie kring wees nie. Ek gaan ook nie nou poog om 'n breedvoerige teologiese daarstelling van die doop met al die tersaaklike probleme te bied nie, maar gaan 'n soort van klankbord daarstel waarteen die twee voorgestelde formuliere geresoneer kan word.

Die Westerse teologie het die doop vanuit 'n subjek-objekskema beoordeel. Hiervolgens is die klem óf op die objektiewe handeling van die doop óf op die subjektief-persoonlike ingesteldheid van die dopeling gelê. Die RKK het geleer dat die doop 'n insigsself werkende krag (*ex opere operato*) het en ook die erfsonde afwas (Augustinus). En omdat gemeen is dat ook babas in sonde ontvang en gebore word, was die argument, het hulle beslis ook die doop nodig. Die amptelike bediening van die doop deur die kerk (*ex opere operantis*) was ook van beslissende belang, soos in die stryd met die Donatiste al na vore gekom het.

Soos die Weste gaandeweg al hoe meer plek vir die individu en die mens se intrinsieke goedheid maak het, is die suigelingsdoop toe gevolglik deur die Waldense, Anabaptiste en Baptiste verwerp. Veral in Amerika het die Baptiste Beweging met 'n sterk nadruk op die persoonlike geloofsbeslissing geweldig uitgebrei. Die doop word dus net aan belydende gelowiges bedien (*believer's baptism*). Die 20e-eeuse Pinksterbeweging het hierdie opvatting oorgeneem en ook Karl Barth het die kinderdoop (alhoewel met ander argumente) afgewys.

Hierdie twee pole van objektiwiteit en subjektiwiteit staan

dus teenoor mekaar (uit die perspektief van die mens), soos gawe en opgawe, passie en aksie. Metafories sou ons kon sê dat eersgenoemde is soos om in 'n familie *gebore te word* en laasgenoemde is soos om in 'n familie *te trou*. Albei hierdie aksente het ook stewige Bybelse grond.

Die probleem kom egter na vore wanneer die “Protestantse beginsel” (Paul Tillich) van die genade wat in geloof ontvang word, by die doop van 'n kind ter sprake gebring word. Zwingli byvoorbeeld het daarom 'n ander argument vir die regverdiging van die kinderdoop gevolg as Augustinus met sy erfsonde-leer, naamlik dat die doop die vaandel van die inlywing in die geloofsgemeenskap is. Luther erken ook die band tussen geloof en doop onteenseglik, maar ontken 'n voorskriftelikheid in die kronologie van die lewe van die individu. Verwerping van die kinderdoop, sê hy, en die gepaardgaande vereiste van die individu se persoonlike geloof, is volgens hom net 'n bedekte vorm van werkgeregtigheid.

Dit behoort reeds duidelik wees dat ons in terme van hierdie twee pole, nie tussen die een of die ander hoef te kies nie. Ons kan en moet *albei* hierdie pole erken. Dit is immers ook 'n misverstand dat sekere kerke téén grootdoop is – hulle verwerp net dat mense oorgedoop moet word. Boonop het Calvyn reeds gesê dat die doop altyd slegs kinderlik ontvang kan word – “alle” doop is dus wesenlik kinderdoop, ook grootdoop.

Die volgende drie stellings is samevattend vir ons van belang:

▪ **Die doop konstitueer die Christelike identiteit**

Die gedoopte is één met Christus (se dood en opstanding) en is daarom 'n nuwe mens. Die doop is dus meer as 'n teken; die status van die betrokke word verander. Dit is alleen moontlik omdat Gód sy Heilige Gees as die Bron van die lewe skenk. P T Forsyth sê dan ook dat soos wat doop op grond van geloof plaasvind, dit egter ook verstaan kan word as dat doop die *induksie* (inleiding) in die geloof (-gemeenskap) is.

▪ Die doop het 'n onlosmaaklike plek in die heilsgebeure

Geloof, bekering en wedergeboorte word dikwels met die doop in die NT verbind. Boonop word dit ook heel eksistensieel gedoen. Luther beklemtoon daarom ook die noue verband tussen doop en byvoorbeeld berou. Die eens-en-vir-altyd-wees (Romeine 6:10) van die doop in Christus word dus daagliks deur die gedoopte in die bekering bevestig. Die doop moet dus komprehensief verstaan word en wel in die sin dat die toekomstige dood en opstanding nou reeds (antisipatories) uitdrukking vind. Dit is ook die rede waarom die Nagmaal komplementêr tot die doop verstaan moet word: hierdie toe-eiening van die heilsgebeure duur die mens se hele lewe lank.

▪ Die doop is inwydingsrite van die kerk

Die doop is altyd 'n kerklike handeling. Dit gaan immers om die inlywing in die gemeenskap van gelowiges. Tog is die primaat die individu se gemeenskap met Christus. Die klassieke uitleg van die Twaalf Artikels se *communio sanctorum*, nl. dat die gemeenskap aan die "heilige dinge" (d i die sakramente, dus Christus), die gemeenskap aan die "heilige mense" voorafgaan, is dus ook hier van toepassing. Hierdie is ook die rede waarom die doop vandag toenemend in die ekumene diensbaar gemaak word.

Ten slotte moet ons altyd daarop bedag wees dat ons nie tradisie-ryke sakramentsteologieë in NT tekste indra nie (*illegitimate totality transfer*). Daar is seker min ander woorde in die Bybel wat soos 'n "konsertina" (James Dunn) aangewend word. Tog beteken dit ook nie dat daar nou by twee duisend jaar se intense worsteling hieroor verbygegaan durf word nie. Oor ons koppe is immers die "sacred canopy" (Peter Berger) wat ons verwysingsraamwerk omspan. Ons betoog moet vanuit 'n konsistente teologiese ontwerp geskied, en in ons geval, Bybels-Reformatories.

Skrywer: [Prof Johan Buitendag](#)

Was 1 Petrus 'n brief of 'n preek, en wat was die outeur se doel daarmee?

Was 1 Petrus 'n brief of 'n preek, en wat was die outeur se doel daarmee?

Sommige navorsers meen dat 1 Petrus miskien eers as 'n preek geskryf is en later in 'n briefvorm gegiet is. Daar word veral voorgestel dat dit miskien 'n soort dooppreek kon wees. Dit is egter heel onwaarskynlik. Dit word algemeen aanvaar dat 1 Petrus 'n oorspronklike brief is. Die hoofdoel daarvan was om gelowiges in Klein-Asië te bemoedig terwyl hulle deur die ongelowiges vervolgd is, en om hulle op te roep tot onberispelike gedrag ten midde van hul omstandighede

Genre / vorm

Die doel van 1 Petrus hang in baie opsigte af van die slotsom waartoe 'n mens kom ten opsigte van die genre / vorm van die geskrif. So beskou sommige navorsers die geskrif as oorspronklik 'n dooppreek, 'n preek vir onlangs gedooptes of 'n uitgewerkte doopliturgie (erediens). Hoewel die tema van die doop wel in die geskrif voorkom (3:21), en daar tydens die skryf daarvan moontlik gebruik gemaak is van Christelike onderrig- (didaktiese) en liturgiese materiaal, is dit telkens aangewend om die groter doel van die geskrif te dien, soos wat hieronder beskryf word.

Die voorstelle dat 1 Petrus enige iets anders as 'n ware brief is, is op baie min getuienis binne die teks self gebasseer, en bly gevolglik onoortuigend. Daarteenoor is daar regdeur die geskrif elemente van 'n ware brief teenwoordig, en is dit gevolglik die meeste navorsers se oortuiging dat 1 Petrus inderdaad 'n oorspronklike brief is.

Hierby kan ook genoem word dat dit geskryf is as 'n omsendbrief. Die draer van die brief sou waarskynlik per boot arriveer vanaf Rome (waarvandaan die brief gestuur is) in 'n stad in die Pontus-distrik, vandaar suidelik beweeg deur Galasië na Kapadosië, vandaar weswaarts na die provinsie Asië en laastens weer noordwaarts na Bitinië, vanwaar hy per boot kon terugreis na Rome (vgl. 1 Pet. 1:1).

Doel

Die outeur verwoord self sy doel met die brief soos volg: "Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!" (1 Pet. 5:12b). Dit is dan ook presies wat hy doen regdeur die brief. Hy bemoedig die geadresseerdes op grond van die sekerhede van hulle geloof en hul nuwe identiteit in Christus. Verder moedig hy hulle ook aan om (op grond van hul identiteit as bevoorregtes van God) standvastig te bly en onberispelik op te tree, ten midde van die diskriminasie en vervolging wat hulle beleef het, komende van die ongelowiges in hul gemeenskappe en selfs in hul eie huisgesinne (vgl. 1 Pet. 3:1-2).

Skrywer: [Ds Dirk Venter](#)

Die Doop – Geloof in Aksie Bybel

Die Doop

Nie net Christene doop of het in die ou tyd gedoop nie. In die Bybelse tyd het verskillende mense of groepe op verskillende maniere gedoop. Die doop is dus nie net Christelik nie. Dit gaan dus nie soveel oor die manier van doop nie, maar oor die betekenis van die betrokke doop. Die doopaksie is maar net 'n teken van 'n groter boodskap.

Wat is die boodskap van die Christelike doop? Wel, dat jy van die slegte groep na die beter groep toe oorstap. Jy speel nie meer in die span van die duiwel nie, maar in die span van God. Deur jou te laat doop wys jy vir almal dat jy daai grens tussen die duiwel en Jesus se groep oorgesteek het. Daarom het die vroeë Christene altyd gesê: "Jesus is die Here" as hulle gedoop is. Hulle dien nou vir Jesus en nie meer die duiwel nie. In Kolossense 2:12 word die beeld dan ook gebruik van iemand wat begrawe is en toe weer opgewek is as 'n nuwe mens. Wel, as jy begrawe word, is jy weg. Daardie ou mens bestaan nie meer nie. Maar in Christus staan 'n nuwe mens op. Nou is daar 'n nuwe mens in sy plek, daarvoor sorg Jesus. Dit is asof jy dus in 'n nuwe wêreld saam met God instap. Die doop is die teken dat dit in jou lewe gebeur het.

Maar wat nou van kinders? Moet hulle ook gedoop word? Wel, die argument loop so: as 'n hele familie aan God behoort en God gee vir hulle 'n kind, sal God die kind uit die familie gooi sodat hy of sy iewers anders grootword? Sal God so kind eers toelaat in die gesin as die kind Hom dien? Hoe en waar moet die kind leer om dit te doen? Nee, God vat nie die kind uit die gesin en gooi hom daar eenkant onder 'n bos, weg van sy familie af om daar op sy eie groot te word nie. Nee, God aanvaar hom of haar binne sy familie en verwag dan van die ouers en die geestelike

familie van die kind om die kind so groot te maak dat hy of sy uiteindelik niks of niemand anders sal wil dien as net God nie. Daarvan is die doop 'n teken. So steek God sy hand uit na kinders van gelowige ouers. Die ouers lê daarom die belofte af om hulle kind so groot te maak dat die kind die Here sal wil dien

Boek: *Geloof in Aksie-Bybel*

Skrywers: [Prof Jan van der Watt](#), [Dr Stephan Joubert](#), [Dr Johan Smith](#)

Uitgewers: [Christelike Uitgewers Maatskappy](#)